



RAADSKOERANT

BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD

www.volksraad.co.za

kontak@volksraad.co.za

Posbus 1221, Rayton, 1001

Tel: 012 940 4271

Nommer 2

Dinsdag 25 Junie 2013

VOLKSRAADKENNISGEWING

Inhuldiging van Volksraadslid



Mev. Karen en ds. Ferdi Devenier

Ds. Ferdinand Smartenryk Devenier is Saterdag 15 Junie 2013 luisterryk as Volksraadslid ingehuldig. Hy vul die vakature wat ontstaan het weens kol. Franz Jooste se bedanking uit die Volksraad vroeër vanjaar.

Die inhuldigingsdiens het plaasgevind in die kapel te Diamantvallei, en is waargeneem deur ds. Hendrik Verwoerd, seun van die voormalige Eerste Minister van Suid-Afrika, wyle dr. H. F. Verwoerd.

Ds. Verwoerd het 2 Kronieke 20:1-15 as Skrifgedeelte voorgehou, en op grond van God se woorde aan Josafat "*Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God*", die Volksraad en ander aanwesiges gemaan om moedig te bly in die aangesig van die groot oormag wat daarop uit is om ons volk te vernietig.

Daarna is ds. Devenier deur die Voorsitter van

die Volksraad Verkiesing Kommissie, mnr. Paul Kruger, as Volksraadslid ingehuldig.

Die verrigtinge is Saterdagmiddag opgevolg met 'n dinee in die gemeenskapsaal van Kleinfontein, waartydens ds. Devenier as lid van die Volksraad verwelkom is en die aanwesiges toegesprek het.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 21 Junie 2013

VOLKSRAADKENNISGEWING

VERSLAG VAN WERKSAAMHEDE

OPDRAG. Die Volksraad is gekies om die Boere-Afrikanerdom wat sy vryheid bekeer en die Volksraad as sy aangewese verteenwoordigende liggaam beskou, te verteenwoordig. Binne die bepalings van die Volkereg moet die Volksraad doen wat nodig en moontlik is om die Boere-Afrikanervolk se nasionale vryheid (selfbeskikking) te herwin.

Die proses wat gevolg moet word, vereis

1. dat die volk se vryheidseis aan die Suid-Afrikaanse Regering voorgelê moet word.
2. Indien daar nie met die Regering tot 'n vergelyk gekom word nie, of indien die Regering die Volksraad ignoreer, moet die Volksraad hom na die internasionale gemeenskap wend om bemiddeling in die dispuut te verkry.

'n Tydperk van agtien maande vanaf sy inhuldiging word aan die Volksraad toegestaan om dié proses uit te voer.

3. Indien daar nie met die voorgenoemde stappe geslaag word om die Suid-Afrikaanse Regering tot 'n proses wat tot die herstel van die Boere-Afrikanervolk se vryheid sal lei, te verbind nie, moet die Volksraad so aan

die volk rapporteer, wat dan aan die Raad opdrag kan gee hoe verder gehandel moet word.

UITVOERING VAN DIE OPDRAG

Eis aan die SA Regering

Die Volksraad het verskeie skrywes aan die kantoor van die ANC-President gerig ten einde die Suid-Afrikaanse Regering in te lig dat ons volk ons reg op selfbeskikking op vreedsame wyse wil uitoefen en met hulle in gesprek wil tree oor die praktiese uitvoering daarvan. Die Regering is egter deur sy adviseurs geadviseer om nie op die versoeke te reageer nie, aangesien enige reaksie geïnterpreteer sou kon word as 'n erkenning van ons volk se reg op selfbeskikking, en van die Volksraad se status as gekose verteenwoordiger. Geen reaksie op ons versoeke is dus ontvang nie.

Gevolglik het die Volksraad 'n omvattende motivering en eis om selfbeskikking op 17 Oktober 2013 aan die President se kantoor oorhandig. 'n Sperdatum van 30 November 2013 is gestel waarop die Regering daarop moes antwoord. Ook dit is geïgnoreer.

Internasionale Bemiddeling

Alvorens die aangewese internasionale forums bereid is om versoeke om bemiddeling, of selfs 'n klag teen 'n Regering weens skending van internasionale verdrae, te aanvaar en te oorweeg, word vereis dat

- binnelandse remedies, en in besonder regsremedies, eers uitgeput moet word.
- Voorts is dit noodsaaklik dat kennis, begrip en 'n gunstige klimaat in die internasionale gelede vir ons saak geskep word, voordat bemiddeling gevra word, omdat dit ondenkbaar is dat instansies of persone wat ons volk vyandig gesind is, ten gunste van ons kan bemiddel. (Die Republiek van die Oranje-Vrystaat het die dure gevolge van 'n partydige arbiter ervaar toe dié Republiek in 1871 sy diamantvelde deur die Keate-uitspraak verloor het). Vorming van 'n gunstige klimaat behels 'n veldtog om besluitnemers in die buiteland so wyd as moontlik in te lig oor ons situasie en ons strewe, en oor die misdadigheid van die ANC-Regering, wat onder druk van die buiteland in Suid-Afrika aan die bewind gestel is.

Klag teen die Suid-Afrikaanse Regering

Ter gedeeltelike voldoening aan die vereiste vir uitputting van binnelandse remedies, het die Volksraad onmiddellik ná die verstryking van die bogemelde 30 November-sperdatum, op 3 Desember 2012 'n klag teen die S.A. Regering by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) aanhangig gemaak oor die Regering se versuim om aan verskeie bepalings van die Verenigde Nasies se *Internasionale Konvensie oor Burgerlike en Politieke Regte*, ander internasionale verdrae en resolusies wat volke se reg op selfbeskikking erken, asook art. 235 van die S.A. Grondwet uitvoering te gee.

Die *Konvensie* en ander verdrae is bindende en afdwingbare internasionale ooreenkomste wat nie straffeloos deur ondertekenaars daarvan oortree kan word nie. Dit is deur die Verenigde Nasies (VN) as 'n menseregteverdrag geklassifiseer. Die ANC-regering is 'n ondertekenaar van die *Konvensie*, asook van 'n Opsionele Protokol waardeur die Internasionale Menseregtekomitee (MRK) se gesag om oor skendings daarvan te besleg, aanvaar word. Hierdie Komitee het egter nie jurisdiksie oor die SAMRK nie.

Binnelands is die SAMRK dus die aangewese instansie waar sodanige klagte gelê moet word.

Nadat dit geblyk het dat daar voete gesleep word met die hantering van die klag, het die Volksraad op 13 Mei samesprekings met die SAMRK gevoer, waartydens 'n omvattende navorsingsverslag van die regsgronde waarop ons eis gebaseer is, is aan die Kommissie oorhandig is. Die Provinsiale bestuurder van die SAMRK, Chantal Kisoan, het meegedeel dat voltooiing van die ondersoek en verslag moontlik teen begin Julie 2013 verwag kon word, dog sy wou haar nie daartoe verbind nie. 'n Verslag van die samesprekings is deur die Volksraad vrygestel en is beskikbaar op die webblad www.volksraad.co.za.

Verdere Regsoptrede

Op 6 Mei 2013 is 'n prokureursbrief op die President en die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling bestel waarin die Regering aangemaan word om teen 31 Mei 2013 op die aangeleentheid te reageer aangesien hy deur verskeie internasionale verdrae en regsuitsprake kragtens die Volkereg, asook artikel 235 van die Suid-Afrikaanse Grondwet daartoe gebonde is. Soos te wagte kon wees, het die Regering

ook hierdie brief geïgnoreer, en daardeur onmiskenbaar getoon dat hy totaal ongeërg is oor ons volk se reg op selfbeskikking, nakoming van internasionale verdragsverpligtinge en sy eie Grondwet.

Op 21 Mei het lede van die Volksraad met die Raad se regsadviseurs beraadslaag oor die regsremedies wat gevolg kan word. 'n Regsmening is daarna deur 'n senior advokaat opgestel waarin die vereistes van die Volkereg asook die struikelblokke wat oorkom sal moet word ten einde 'n gunstige uitspraak ten opsigte van territoriale selfbeskikking in enige hof te verkry, uitgespel word.

Die regsmening en optrede wat moontlik daaruit mag voortvloei, word nou oorweeg, terwyl die Volksraad ook op die SAMRK se verslag wag.

Internasionale Bewusmaking en Klimaatseeping

Bewus van die noodsaaklikheid om eers 'n ontvanklike klimaat by die internasionale gemeenskap te skep, het die Volksraad intussen deur middel van briewe en persoonlike besoeke verskeie internasionale instansies ingelig oor die bestaan van die Volksraad, die Boere-Afrikanervolk se begeerte om sy reg op selfbeskikking uit te oefen, en die volksmoord wat op die volk gepleeg word.

Op 30 November 2012 is kopieë van die volk se vryheidseis aan die Nederlandse en Duitse ambassades (synde ons stamlande) oorhandig, asook aan die VN se kantoor in S.A. 'n Poging is ook aangewend om dit aan die Franse ambassade te oorhandig, dog toe 'n sekerheidswag, en nie 'n ambassade-amptenaar nie, gestuur is om dit in ontvangs te neem, het die Volksraad se verteenwoordiger geweier om die dokumente aan hom te oorhandig.

Die doel van die oorhandigings was om belangrike internasionale rolspelers bewus te maak dat so 'n eis by die S.A. Regering ingedien is, en om die basiese gronde vir die opeis van ons vryheid aan sleutelmoondhede bekend te stel.

Geen reaksie is van enige van die bogenoemde instansies ontvang nie.

Daarbenewens het mnr. Henk van de Graaf namens die Volksraad besoeke aan nasionalistiese groepe, die Europese Parlement, die Onver-

teenwoordigde Volkere Organisasie (UNPO), die VN se Internasionale Menseregtekomitee in Genève, die Internasionale Strafhof in Den Haag en invloedryke individue gebring om hulle oor die onderhawige saak in te lig. Voorts is ***Die Boere-Afrikanervolk se Eis om Selfbeskikking***, wat op 13 Oktober te Paardekraal bekendgestel en daarna op die Regering bestel is, as 'n amptelike dokument by UNPO ingedien. 'n Brief is ook aan die Internasionale Strafhof oorhandig waarin die Volksraad aan dié Hof kennis gee dat hy hom as 'n party tot die volksmoordklag, wat vroeër deur die Verkennersbeweging aanhangig gemaak is, voeg.

Mnr. Tiaan Theron het 'n besoek aan Israel gebring om die Boere-Afrikanervolk se saak ook daar bekend te stel en moontlike hulp om dit deur middel van die media internasionaal te propageer, te ondersoek.

Ander Aksies

Naas die Volksraad se aksies het 'n Duitssprekende Boere-Afrikaner, mnr. Helmut Heymann, wat eens 'n belangrike posisie beklee het waardeer hy verskeie internasionale kontakte gemaak het, op eie inisiatief die Volksraad se pogings aktief ondersteun deur aan al 620 lede van die Duitse Bundestag (dit is die Duitse Parlement), die Duitse President, Kanselier en ander lede van die Duitse Regering, 'n persoonlike brief te stuur en hulle in te lig oor die weiering van die Duitse Ambassadeur om op 30 November 2012 die bogemelde Eis amptelik in ontvangs te neem. Volgens mnr. Heymann was die Ambassadeur se optrede strydig met die Duitse Grondwet, wat glo bepaal dat Duitse ambassades sulke dokumente in ontvangs móét neem. Sy beswaar is deur die President van die Bundestag na dié liggaam se Regskommissie verwys vir amptelike ondersoek.

Vervolgens het mnr. Heymann 'n brief aan 100 Amerikaanse senatore gerig om hulle oor die omstandighede waaronder ons volk gebuk gaan, in te lig. Mnr. Heymann het reeds verskeie reaksies op dié skrywes ontvang.

Opdrag van die Volk vir Verdere Optrede

Vanweë die ingrypende implikasies van die volk se eis om selfbeskikking en die vereistes wat deur internasionale bemiddelingsforums gestel word vir die aanhoor daarvan, gepaard met die stadige pas waarteen regsprosesse verloop (waaroor die Volksraad nie beheer het

nie), kon die proses nie binne agtien maande tot by die punt van internasionale bemiddeling gevoer word nie; trouens so 'n proses kan jare duur.

DIE VOLK HET NOU DIE GELEENTHEID OM SY WENSE VIR VERDERE HANDELING AAN DIE VOLKSRAAD BEKEND TE MAAK. DIT KAN BY WYSE VAN VERSOEKSKRIFTE GESKIED, OF INDIEN VOLKSVERGADERINGS IN BEPAALDE STREKE VERLANG WORD, KAN VERSOEKE DAARVOOR AAN DIE VOLKSRAAD GERIG WORD.

Tot tyd en wyl 'n ander opdragte van die volk ontvang word, gaan die Volksraad voort om die proses soos hierbo beskryf, binne sy vermoë uit te voer en oplossings te soek vir struikelblokke wat ons volk se strewe na selfbeskikking kortwiek

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 25 Junie 2013

Kennisgewing Erepenning toegeken

Die *Schiel-DeVillebois-Coster Erepenning* is Saterdag 15 Junie 2013 tydens die Volksraad inhuldigingsdinee aan mnr. HORST RAINIER GRAEFE en gesin oorhandig.

Die erepenning is deur die VVK ingestel om besondere erkenning te gee aan immigrante uit ons stamlande wat hulle lot by die Boere-Afrikanervolk inwerp.

Die erepenning ontleen sy naam aan Adolf Schiel, genl. de Villebois Mareuil en dr. J.H. Coster, onderskeidelik van Duitsland, Frankryk en Nederland afkomstig. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het hulle hul lot op uitstaande wyse by die Boere se vryheidstryd ingewerp: Adolf Schiel as stigter en bevelvoerder van die Duitse Vrywilligerskorps, de Villebois Mareuil as Boere-veggeneraal en dr. Coster as medestigter en 'n bevelvoerder van die Nederlandse Vrywilligerskorps. Schiel is tydens die oorlog gewond en as krygsgevangene na St. Helena gestuur, terwyl de Villebois Mareuil en dr.

Coster op die slagveld gesneuwel het.

PAUL KRUGER
Voorsitter: Sentrale Komitee,
Volksraad Verkiesing Kommissie

Pretoria, 21 Junie 2013

Kennisgewing Volksraadsetel vir Natal bly vakant

Daar word vir algemene kennisname bekend gemaak dat besluit is om die Volksraadsetel vir Natal, wat vakant geraak het weens die afsterwe van mnr. Etienne le Roux, vakant te laat, nadat voltooide nominasies vir kandidate om die setel te vul, nie teen 7 Junie 2013 ontvang is nie.

PAUL KRUGER
Voorsitter: Sentrale Komitee,
Volksraad Verkiesing Kommissie

Pretoria, 12 Junie 2013

Die Vaste Fondament

"Ek sal die inwoners van die land in julle hand gee, en jy sal hulle voor jou uit verdrywe.

Jy mag met hulle of met hulle gode geen verbond maak nie.

Hulle mag in jou land nie woon nie, dat hulle jou nie verlei om teen My te sondig nie. Want jy sal hulle gode dien, ja, dit sal vir jou 'n strik wees."

Exodus 23: 31-33